2006 - 2026 MIDSTREAM COLLEGE EXCELLENTIA 20

LMCP — LAERSKOOL MIDSTREAM COLLEGE PRIMARY

# Nuusbrief 3 — 18 Februarie 2026

## AFLEWERINGS EN FOONOPROEPE


Ons vra weereens dat ouers asseblief sal seker maak dat leerders hulle tasse pak met alles wat hulle benodig. Indien ouers enige iets vir hul kind aflewer, moet die leerder bewus wees daarvan en dit by die kantoor kom afhaal. Geen aflewerings word na die klas gestuur nie en leerders word ook nie geroep nie.
Leerders sal ook nie toegelaat word om vir vergete goedere te skakel nie.

## FLIP FLOP-DAG 2026 – VRYDAG 20 FEBRUARIE

Vir: CHOC (Childhood Cancer Foundation South Africa)

LMCP moedig al ons kinders aan om CHOC se Flip Flop-dag te ondersteun. Koop 'n plakker (SLEGS KONTANT) vir net R10 by Tuck In en verruil jou skoolskoene vir plakkies op Vrydag 20 Februarie. Laat daardie tone vry en staan saam met kinders en tieners in hul stryd teen kanker!

Plakkers is te koop by Tuck Inn.



## CLUSTERATLETIEK

Baie geluk aan elke atleet wat aan die Clusteratletiekbyeenkoms op 12 Februarie, hier by Laerskool Midstream College Primary, deelgeneem het. Ons is trots op elkeen van julle!

Laerskool Midstream College Primary het tweede uit agt skole geëindig. Druk asseblief op die skakel vir die spanuitslae.


Baie geluk ook aan Mischke Cilliers wat as die Victrix Ludorum van die byeenkoms aangewys is.

## AFLAAISONE

Ons vra dat ouers asseblief die aflaaisone (drop off zone) korrek gebruik. Parkeer, laai u kind/ers af en vertrek weer. Indien u saam met u kind in die skoolgronde wil instap, of met ander ouers wil kuier, parkeer asseblief in die parkeerarea. Help ons asseblief om die verkeer so glad as moontlik te laat vloei.

## SPORTUITSLAE

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die sport uitslae



## PRIVAAT EKSTRALESSE (“TUTORING”)

Daar was verskeie navrae rakende privaatlesse (“tutoring”) op skoolgronde. Neem asseblief kennis dat daar ongelukkig geen privaat ekstralesse by die skool mag plaasvind nie, nie gedurende of na skool-ure nie.

## DISTRIKATLETIEK - VRYDAG 20 FEBRUARIE

Baie geluk aan die volgende leerders wat ingesluit is in die Distrikatletiekspan wat op Vrydag 20 Februarie by Hoërskool Menlopark gaan deelneem.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Nina Ballot | Gewigstoot | | |
| Zoey Fouche | 1200m | | |
| Tayla Richter | 80m | | |
| Cara Venter | 100m | 70mH | Verspring |
| Matthew Havenga | 70mH | | |
| Chris Jansen van Rensburg | 1200m | | |
| Karli Lamprecht | 1500mStap | | |
| Alex Venter | 100m | Verspring | |
| Kara du Plessis | Hoogspring | | |
| Bea Ludick | 100m | 70mH | |
| Muller Delport | 80m | | |
| Andre Le Roux | 1200m | | |
| Kyla Coetzee | 150mH | | |
| Emma Roets | 1200m | 75mH | |
| Amelia Waite | 75mH | | |
| Luke Annandale | 1200m | | |
| Arno Kleyhans | 100m | 150m | |
| Jaco Oosthuizen | Gewigstoot | | |
| Blake Solomons | Hoogspring | | |
| Isabelle Brand | 100m | 200m | Gewigstoot |
| Isabelle Burg | 1500m | | |
| Mishke Cilliers | 100m | 75mH | 200mH |
| Riané van Noordwyk | 200m | | |
| Thoriso Molaoa | 80mH | | |
| George Olwagen | Spiesgooi | | |
| Caleb Pfukwa | 100m | 200m | Verspring |
| Jandre Venter | 200mH | | |
| Johan Ferreira | 1500mStap | | |

Baie sterkte aan die atlete, ons is trots op julle!

## LMCP GRAAD 1-INSKRYWINGS (2027)

Dit is vir ons aangenaam om u in kennis te stel dat aansoeke vir graad 1 (2027) nou oop is. Ons moedig alle belangstellende ouers aan om hul aansoeke in te dien. Deur betyds aansoek te doen, help u om enige administratiewe prosedures en voorbereidings betyds af te handel, wat die proses vir u en u kind gemakliker maak. Om aansoek te doen, besoek asseblief LMCP TOELATINGS vir gedetailleerde inligting en instruksies om die aanlyn aansoek te voltooi. Vir enige navrae of hulp met die aansoekproses, kontak asseblief die toelatingskantoor (Corrie Burger corrieb@midstreamcollege.co.za of 012 940 9122).




## GRAAD 8-INSKRYWINGS

Graad 8-inskrywings vir 2027 is vanaf 19 Januarie tot 28 April 2026 oop. Indien u kind by Midstream College gaan inskryf, moet u asseblief aanlyn aansoek doen.
Besoek asseblief die Midstream College-webblad vir al die nodige instruksies en die aanlyn toelatingsvorm.

Vir enige toelatingsnavrae kontak me Anique van Zyl. (admissions@midstreamcollege.co.za)

## KOPLUISE

Die skool is bewus van onwelkome gaste wat weer hulle verskyning gemaak het.
Ondersoek asseblief u kind se kop en hare vir kopluise.
Sou u enige luise (insekte) of nete (die eiers) op u kind se kop sien, raadpleeg asseblief u naaste apteek en begin dadelik met aktiewe optrede om dit te verwyder. Volg die instruksies op die produk se aanwysings.

Geen leerder sal uitgesonder of gevra word om die skool te verlaat indien die luise of nete gedurende 'n skooldag waargeneem word nie. Inligting sal vertroulik hanteer word en die ouers sal gekontak word.

Dit is egter baie belangrik dat alle ouers proaktief optree sodat ons die probleem so gou moontlik kan stopsit.

## ISICATHULO

Die Isicathulo(gumboot)-dansgroep se oefeninge het reeds hierdie week afgeskop. Oefening vind op Dinsdae van 15:00 – 16:00, plaas. Leerders meld asseblief by die saal aan. Enige graad 4- tot 7-leerder is welkom.



## BUITE-KURRIKULÊR

**SAGTEBAL PROGRAM – DOGTERS**
Druk asseblief op die onderstaande skakel vir meer inligting rakende sagtebal vir Graad 1- tot 7-dogters.

**GHOLF**
Druk op die skakel vir meer inligting rakende gholf.

## YADAH UITREIKPROJEK



TUCK IN

# NASIONALE MELKTERTDAG

## 27 FEBRUARIE

## BESTEL JOUNE BY TUCK IN



EST. 2014
TUCK IN
www.tuckinshop.co.za